# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN PLAN VAN ONDERSOEK

## 1.1 INLEIDING

Verantwoordbare opvoeding kan nooit volledig wees sonder dat die geslagtelike komponent daarby ingesluit is nie (Kroll, 1990:12). Alhoewel geslagsopvoeding die voorreg en plig van die ouer is, het navorsing getoon dat ouers dikwels hierdie plig versuim. Dit impliseer dat bepaalde eise aan die skool gestel word. Die Transvaalse Onderwysdepartement wil by wyse van ondersteunende voorligtingsprogramme onder meer aandag aan geslagsopvoeding gee. Die vraag is egter of hierdie hulp voldoende is. Daar is tans geen sprake van 'n uitgebreide en omvattende gesinsvoorligtingsprogram aan elke individuele leerling nie (Van Rooyen, 1989:203).

Kinders moet dus van heel kleins af opgevoed word om hulself as liggaamlike, maar ook seksuele wesens te aanvaar en te begryp. Gedurende die puberteitsfase kan die kind met verdraaide seksuele kennis in aanraking kom en dit kan skadelike gevolge hê. Die liggaam is 'n Tempel van God, en daarom mag dit deur niemand misbruik word nie (Kriegler, 1991:13).

Dit is elke ouer se begeerte dat sy kind sal ontwikkel tot 'n volwassene wat sy plek in die samelewing stewig kan volstaan. Daar is egter faktore wat 'n kind se kanse tot normale ontwikkeling kan belemmer, waarvan seksuele molestering een is.

Vervolgens sal die probleem van seksuele misbruik van naderby beskou word:

## 1.2 PROBLEEMSTELLING EN AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING

Die kind se opvoeding, volwassewording en sosialisering word voltrek binne die sosiale werklikheid. Dit is gekompliseerd en dinamies en sluit verskillende sosiale groeperinge in (Van der Walt, 1990:60). Dit wissel van die mees intieme (gesin, maats, familie) tot die oppervlakkige kontak met die samelewing (De Klerk en Nieuwenhuis, 1983:30). Volgens Steyn en Breedt (1978:276) stel die snelveranderende samelewing nuwe eise aan die kind se persoonlikheidsontwikkeling. Sy verhoudingslewe raak moeiliker en dit stel nuwe eise aan sy norm- en waardesisteem (Mentz, 1983:24-25).

Invloede vanuit die samelewing kan die kind se geslagsopvoeding positief of negatief beïnvloed.
Volwassenes wat ordelik en met verantwoordelikheid optree, dra 'n positiewe invloed uit ten opsigte van geslagsaangeleenthede. Die kind moet opgevoed word om alles aangaande geslagsaangeleenthede aan die hand van norme te evalueer, te interpreteer en in perspektief te stel. Dit lyk egter of opvoeders huiwerig is en terugdeins om in die opvoeding aan hierdie sake aandag te gee (Thielicke, 1979:69).

Die vermoë om 'n gesonde, intieme verhouding met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag aan te knoop, is een van die belangrikste fasette van geslagsopvoeding (Liebetrau, 1987:199). Nie alleen moet daar kommunikasie en intimiteit tussen die ouer en kind wees vir toereikende geslagsopvoeding nie, maar die kind moet ook ondersteun word om te kan kommunikeer en gehelp word tot veral die vermoë om gesonde intieme verhoudinge aan te knoop (De Klerk en Nieuwenhuis, 1983:30-31).

Seksueel onaanvaarbare gedrag in gesinspatalogie kom vandag op alle vlakke en onder alle rasse in die samelewing voor (TOD, 1990:20). Sowel plaaslike as oorsese navorsers is dit eens dat daar geen verband bestaan tussen kindermolestering en die sosiale klas van die ouer nie (Schulze en Van Rooyen, 1989:67). Seksuele misdrywe in Suid-Afrika, waaronder molestering, verkragting, bloedskande en kinderprostitusie, het onlangs baie skerp onder die loep gekom (Pienaar en De Swardt, 1989:40). Die voorkoms daarvan word dikwels onderskat (Kroll, 1990:16).

Skokkende koerantopskrifte oor bloedjong kinders, selfs so oud as twee weke, wat die slagoffers van seksueel-afwykendes word, verskyn byna daagliks in ons koerante. Die slagoffers is kinders wat in hul kinderlike onskuld die grootmens vertrou. Seksuele wanpraktyke neem drasties toe (Gerber, 1986:68; Baartman, 1992:22-25).

Hoewel seuns ook gemolesteer en aangerand word, is dit gewoonlik jong dogters wat aan molestering blootgestel word (Faller, 1981:45). Volgens statistiek wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing saamgestel is, word een uit elke vier dogters en een uit elke nege seuns gemolesteer voordat hulle skool verlaat (Maree, 1990:9; Robertson, 1990:1; Schulze en Van Rooyen, 1989:67).

Baie gevalle van molestering, veral bloedskande, is goedbewaarde gesinsgeheime. Navorsers verskil dus in die beraming van die voorkoms daarvan in Suid-Afrika. Seksuele molestering is teenstrydig met die behoorlikheidseise van die samelewing. Verder ontlok dit sterk negatiewe gevoelens en is daarom nie maklik navorsbaar nie.
Vanweë die geheimhouding en stigmatisering is inligting dus moeilik bekombaar (Hartwigsen, 1987:2).

Een ding is seker: 80 tot 90% van bloedskandeslagoffers is dogters. Seksuele molestering van dogters vind meer in die binnekring van die gesin plaas, terwyl seuns meer deur vreemdelinge buite gesinsverband gemolesteer word (Schulze en Van Rooyen, 1989:70).

Persone betrokke by kinders, hetsy professioneel of andersyds, moet bewus gemaak word van kindermolestering. Die vraag ontstaan of hierdie persone altyd in staat is om dit te identifiseer, en of hulle oor die nodige kennis beskik waar om hulp te verkry (Dempers, 1989:49). Ingeligtheid is die pynloosste manier om die kringloop van kindermolestering te verbreek (Robertson, 1990:1-2).

Die seksueel-gemolesteerde kind kan nie uit die gesin, skool of samelewing weggedink word nie; trouens daar rus 'n groot verantwoordelikheid op almal se skouers wat met die kind in aanraking kom. Die onderwyser is intens betrokke by die kind vir 'n groot deel van die dag. As sekondêre opvoeder speel hy/sy 'n belangrike rol ten opsigte van die opvoeding van kinders rondom die probleem van seksuele molestering. Effektiewe onderrig impliseer dus ook die insluiting van persoonlike veiligheid binne die skoolkurrikulum (Herman, 1985:169; Baartman, 1992:34).

Met bogenoemde in gedagte kom die volgende probleemvrae na vore:

* Wat is die voorkoms, oorsake en gevolge van seksuele molestering onder die jeugdige dogter?

* Watter invloed het die moderne samelewing op die dogter se geslagsrypwording?

* Wat is die taak van die ouer en skool met betrekking tot die dogter se geslagsopvoeding en die skep van 'n herstelde selfbeeld ten opsigte van die seksueel-gemolesteerde dogter?

## 1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is om:

* die voorkoms, oorsake en gevolge van seksuele molestering van die jeugdige dogter toe te lig;

* die invloed van die moderne samelewing op die dogter se geslagsrypwording te bepaal;

* te bepaal wat die ouers en skool se taak is met betrekking tot die dogter se geslagsopvoeding en die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter.

## 1.4 METODE VAN NAVORSING

### 1.4.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie sal onderneem word om op hoogte te kom van die nuutste navorsing oor geslagtelikheid, geslagsopvoeding en seksuele molestering. Die studie sal aan die hand van plaaslike en oorsese literatuur gedoen word.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

**Meetinstrument**

'n Vraelys sal aan die hand van die literatuurstudie (hoofsaaklik hoofstuk 4) gestruktureer word, met die doel om te bepaal wat tans in Transvaalse blanke skole gedoen word met betrekking tot die opvoeding van die seksueel-gemolesteerde dogter. Daar sal ook items in die vraelys ingesluit word om vas te stel of dit die taak van die skool is, en indien wel, of daar genoeg in die verband gedoen word.

Die vraelys sal so ontwerp word dat dit voldoen aan die vereistes van geldigheid en betroubaarheid. 'n Ex-post facto-ontwerp sal gebruik word.

Die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO sal behulpsaam wees met die verwerking van die vraelysdata.

**Populasie**

Vraelyste sal aan elke Gesinsvoorligtingsonderwyser, (n=120), van sekondêre Afrikaansmediumskole van die Transvaalse Onderwysdepartement vir invul gestuur word. Gesinsvoorligtingsonderwysers wat aan seunskole verbonde is, is nie by die ondersoek betrek nie.

## 1.5 PLAN VAN ONDERSOEK

Die probleem sal sistematies-chronologies hanteer word.

In hoofstuk 1 word die probleem, doel en metode van die ondersoek uiteengesit.

In hoofstuk 2 sal die voorkoms, oorsake en gevolge van seksuele molestering by die jeugdige dogter bespreek word.

Hoofstuk 3 handel oor die invloed van die moderne samelewing op die dogter se geslagsrypwording.

Die taak van die ouer en skool met betrekking tot die dogter se geslagsopvoeding word volledig in hoofstuk 4 bespreek.

Die vraelys as empiriese navorsingsmetode word in hoofstuk 5 bespreek. Voorts word die samestelling van die vraelys soos wat in die studie gebruik gaan word, uiteengesit.

Hoofstuk 6 word gewy aan die analise en interpretasie van die navorsingsresultate.

Hoofstuk 7 handel oor die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die ondersoek.

## 1.6 SINTESE

In hierdie aanvangshoofstuk is daar gepoog om die probleem van seksuele misbruik van nader toe te lig. Die doel, metode en plan van ondersoek is ook hierin uiteengesit.

In hoofstuk 2 word die voorkoms, oorsake en gevolge van seksuele molestering by die jeugdige dogter bespreek.